

## Wraak

### 1. Die liefdesbeginsel

Die liefdesgebod is dus die allesoorheersende opdrag wat God aan ons gee. Wat is al die dinge wat hier in die gesigsveld kom? Daar is 'n hele paar dinge wat aan mekaar raak:

- Daar is die opdrag dat ons moet liefhê, wat wraak/wraak neem uitsluit.
- Daar is die opdrag dat ons vir alle mense moet bid en almal se bekering moet soek.
- Daarby is daar die kwessie van verwaandheid wat op sy beurt lei tot ongehoorsaamheid: dat iemand ter wille daarvan om sy wil/gevoelens af te dwing 'n ander sal probeer vernietig.
- Daar is die kwessie dat die innerlike ingesteldheid van iemand wat haatsugtig is, ook wraaksugtig is – daarmee word die Hoëpriesterlike beeld van God (Jesus Christus en die Heilige Gees) in die persoon wat haatdraend is, verwerp/geskend.

Die Here plaas ons in ons totale verbintenis met Hom in 'n verbondenheid daaraan om lief te hê: Ons moet Hom liefhê en ons moet ons naaste liefhê.

**Jy mag nie wraakgierig of haatdraend teenoor die kinders van jou volk wees nie, maar jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die HERE. (Lev. 19:18 AFR53)**

**Daarom moet jy die HERE jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag. (Deut. 6:5 AFR53)**

**En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. (Matt. 22:37 AFR53)**

**En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. (Matt. 22:39 AFR53)**

**Maar Ek sê vir julle wat luister: Julle moet jul vyande liefhê en goed doen aan die wat vir julle haat. (Luk. 6:27 AFR53)**

**Maar julle moet jul vyande liefhê en goed doen en leen sonder om iets terug te verwag, en julle loon sal groot wees; en julle sal kinders van die Allerhoogste wees; want Hy self is goedertieren oor die ondankbares en slegtes. (Luk. 6:35 AFR53)**

**Want dít: Jy mag nie egbreek nie, jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie, jy mag nie begeer nie, en watter ander gebod ook al, word in hierdie woord saamgevat: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. (Rom. 13:9)**

Daar is 'n paar emosies wat almal "familie" is van mekaar. Nie een van hulle hoort tuis in 'n gelowige se gedagte-wêreld nie.

- Hulle almal is deur die duiwel ontwikkel en is eie aan hom. Levitikus 19:17 en 18 maak melding daarvan.
- Die bedoeling is dat die Bybel hier rigting wil gee aan die gelowige oor die aard van hierdie soort van gedagtes en oor hoe mens dit moet hanteer.

Dinge soos haat en om 'n wrok te koester is sonde (gedagtesondes), want dit lei die een wat dit dra in 'n daadsonde in. Die gelowige moet hierdie gevoelens verander in lidesbetuiging. DIS MENSLEIK FEITLIK 'N ONMOONTLIKE OPDRAG. Tog vra die Here dit. Ons moet twee dinge doen:

- Teregewys
- en liefhê

Natuurlik beteken dit nie dat mens die sonde wat iemand doen/gedoen het, doodswyg nie! So 'n persoon moet tot sy bekering dadelik tereggewys word. In die Nuwe Testament is dit waar Matteus 18:15 en Spreuke 19:25 en Amos 5:10 inpas.

**En as jou broeder teen jou sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen. As hy na jou luister, dan het jy jou broeder gewin; maar as hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat in die mond van twee of drie getuies elke woord kan vasstaan. En as hy na hulle nie luister nie, sê dit aan die gemeente; en as hy na die gemeente ook nie luister nie, laat hom vir jou wees soos die heiden en die tollenaar. Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees; en alles wat julle op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbunde wees. (Matt. 18:15-18 AFR53)**

**Slaan jy die spotter, dan word die eenvoudige bedagsaam; maar bestraf jy die verstandige, dan sal hy kennis verkry. (Spr. 19:25 AFR53)**  
**Hulle haat die man wat in die poort die reg handhaaf, en hulle het 'n afsku van hom wat in opregtheid spreek. (Amos 5:10 AFR53)**

Wat die duiwel probeer doen, is om jou af te trek tot op sy vlak, sodat jy optree soos hy.

- Hy haat en hy neem wraak en as hy jou kan oortuig om ook so te word, dan wen jy teen die sonde en verloor teen jou saligheid.
- Dan word jy eiesoortig aan die duiwel en sy aard en optrede. Dink hier aan die woorde van Spreuke 6:34: **want jaloersheid is 'n toornloed in 'n man, en op die dag van wraak verskoon hy nie;**

Calvyn skryf die volgende in sy Institusie:

*Ons weer wraakgierigheid trouens baie ver van Christelike regsbanke af weg. As 'n siviele geding gevoer word, betree 'n gedingvoerder slegs die regte pad as hy sy saak met onskuldige eenvoud by die regters as openbare beskermer aanbeveel sonder die minste gedagte daaraan om kwaad met kwaad te vergeld (Vergelyk Romeine 12:7) wat 'n gesindheid van wraak is. Of as 'n kriminele ernstiger geding gevoer word, vereis ons 'n aanklaer wat deur geen wraakbegeerte bedorwe en deur geen ergernis van persoonlike onreg geraak, na die regbank kom, slegs met die voorneme om die drange van 'n skadelike mens te dwarsboom om te voorkom dat die staat skade ly. Maar as jy 'n wraakgierige gesindheid wegneem, sondig jy nie teen die gebod waarvolgens wraak christene verbied word nie.*

*“Maar” (sou iemand opmerk “Christene word nie alleen verbied om wraak te begeer nie, maar hulle word gebied om ook op die hand van die Here te wagomdat Hy beloof het dat Hy as Wreker die wat verdruk en verstoot is, sal bystaan” (vergelijk Romeine 12:19). Diegene wat dus hulp vir hulleself of vir ander mense van die owerheid vra, voorkom die volle wraak van die hemelse Beskermer” Hoegenaamd nie; ons moet trouens daaraan dink dat die wraak van die owerheid nie die wraak van 'n mens is nie maar van God wat Hy, soos Paulus sê, deur die diens van die mens aan die lig bring en uitvoer (vergelijk Romeine 13). (Boek 4 Hoofstuk 20 paragraaf 19)*

Matteus 5:39 lees soos volg:

**Maar Ek sê vir julle dat julle 'n slegte mens nie moet weerstaan nie; maar as iemand jou op jou regterwang slaan, draai ook die ander een na hom toe. (Matt. 5:39 AFR53)**

Die bedoeling is dat die Here die wat aan Hom behoort, se gemoedere so wil afskrik van die begeerte om wraak te neem, dat hulle eerder sal verdra om 'n tweede onreg aangedoen te word as om te begeer om dit te vergeld. Dit beteken nie dat hulle so ingestel moet wees dat hulle nadat hulle een ergernis gely het, hulle gereed moet maak vir 'n volgende stuk onreg – en dat hulle hele lewe lank net 'n voortdurende kruisdraery moet word nie. (Aldus Calvyn Inst. 4:20:20.)

Die Here alleen neem wraak. In sy geval is dit sy straf wat Hy voltrek oor die mense wat aan Hom ongehoorsaam is. Kyk byvoorbeeld na Hebreërs 10:30:

**Want ons ken Hom wat gesê het: My kom die wraak toe, Ek sal vergelde, spreek die Here; en weer: Die Here sal sy volk oordeel.**

## **2. Verskillende teksgedeeltes wat die bostaande toelig:**

Levitikus 26:25: **En Ek sal 'n swaard oor julle bring wat die wraak van die verbond sal uitoefen; en as julle dan in jul stede terugtrek, sal Ek pes onder julle in stuur, en julle sal in die hand van die vyand oorgegee word.**

Deuteronomium 32:35: **My kom die wraak toe en die vergelding, op die tyd as hulle voet sal wankel; want die dag van hulle ondergang is naby, en wat oor hulle beskik is, kom gou.**

Deuteronomium 32:41: **as Ek my glinsterende swaard skerp gemaak het en my hand na die strafgerig gryp, sal Ek wraak oefen op my teëstanders en my haters vergelde.**

Deuteronomium 32:43: **Jubel, o nasies, oor sy volk, want Hy sal die bloed van sy knegte wreek, en Hy sal wraak oefen op sy teëstanders en versoening doen vir sy land en sy volk.**

Rigters 11:36: **En sy antwoord hom: My vader, as u u mond geopen het teenoor die HERE, maak met my soos uit u mond uitgegaan het nadat die HERE u volkome wraak verskaf het op u vyande, op die kinders van Ammon.**

2 Samuel 4:8: **en die hoof van Isbóset na Dawid in Hebron gebring en aan die koning gesê: Hier is die hoof van Isbóset, die seun van Saul, u vyand wat u lewe gesoek het; maar die HERE het aan my heer die koning vandag wraak gegee op Saul en sy nageslag.**

2 Samuel 22:48: **Die God wat my die wraak gee en volke onder my neerwerp;**  
 Psalm 18:47 (18:48): **Die God wat my die wraak gee en volke aan my onderwerp;**  
 Psalm 58:10 (58:11): **Die regverdige sal bly wees as hy die wraak sien; hy sal sy voete was in die bloed van die goddelose.**  
 Psalm 94:1: **God van wraak, o HERE, God van wraak, verskyn in ligglans!**  
 Psalm 99:8: **o HERE onse God, U het hulle verhoor, U was vir hulle 'n vergewende God en Een wat wraak oefen oor hulle dade.**  
 Psalm 149:7: **om wraak te oefen onder die heidene, strafgerigte onder die volke;**  
 Jesaja 34:8: **Want die HERE hou 'n dag van wraak, 'n jaar van vergelding in die regsak van Sion.**  
 Jesaja 35:4: **Sê aan die wat vervaard is van hart: Wees sterk, wees nie bevrees nie! Kyk, julle God kom met wraak, met goddelike vergelding; Hy self sal kom en julle verlos.**  
 Jesaja 59:17: **En Hy het geregtigheid aangetrek soos 'n pantser, en die helm van heil was op sy hoof; en die klere van wraak het Hy aangetrek as kleding en Hom gewikkel in die ywer soos in 'n mantel.**  
 Jeremia 20:12: **Maar, HERE van die leërskaare, wat die regverdige toets, wat die niere en die hart sien – laat my u wraak sien op hulle, want aan U het ek my regsak toevertrou.**  
 Jeremia 46:10: **Maar dié dag behoort aan die Here HERE van die leërskaare, 'n dag van wraak, om wraak te neem op sy teëstanders; en die swaard sal verslind en versadig en dronk word van hulle bloed; want die Here HERE van die leërskaare het 'n slagoffer in die Noordland, by die Eufraatrivier.**  
 Jeremia 50:15: **Juig oor hom rondom – hy het hom oorgegee, sy pilare het geval, sy mure is afgebreek; want dit is die wraak van die HERE; wreek julle op hom, doen aan hom soos hy gedoen het!**  
 Jeremia 51:36: **Daarom, so sê die HERE: Kyk, Ek verdedig jou saak en sal vir jou wraak neem; en Ek sal sy see droogmaak en sy fontein laat opdroë.**  
 Esegël 25:14: **En Ek sal my wraak op Edom in die hand van my volk Israel gee, en hulle sal met Edom handel volgens my toorn en my grimmigheid; so sal hulle dan my wraak gewaar word, spreek die Here HERE.**  
 Miga 5:15 (5:14): **En Ek sal in toorn en grimmigheid wraak neem op die nasies wat nie geluister het nie.**  
 Handeling 28:4: **En toe die inboorlinge die dier aan sy hand sien hang, sê hulle vir mekaar: Hierdie man is beslis 'n moordenaar wat die goddelike wraak nie laat lewe nie, al is hy uit die see gered.**  
 Romeine 12:19: **Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here.**  
 2 Tessalonisense 1:8: **in vuur en vlam, wanneer Hy wraak uitoefen op die wat God nie ken nie en op die wat aan die evangelie van onse Here Jesus nie gehoorsaam is nie.**  
 Genesis 27:42: **Maar toe hulle aan Rebekka die woorde van Esau, haar oudste seun, vertel, stuur sy en laat Jakob, haar jongste seun, roep en sê vir hom: Kyk, jou broer Esau sal hom op jou wreek deur jou dood te maak.**  
 1 Samuel 14:24: **en die manne van Israel dié dag aangedryf word, het Saul die manskappe besweer en gesê: Vervloek is die man wat iets eet tot vanaand, sodat ek my op my vyande kan wreek. Daarom het al die manskappe aan niks geproe nie.**  
 1 Samuel 24:12 (24:13): **Die HERE sal oordeel tussen my en u, en die HERE sal my aan u wreek; maar my hand sal teen u nie wees nie.**  
 Jesaja 1:24: **Daarom spreek die Here HERE van die leërskaare, die Magtige van Israel: o Wee, Ek sal vir My voldoening verskaf van my teëstanders en My wreek op my vyande!**  
 Openbaring 6:10: **En hulle het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie?**